# DIE CALVINISTIESE BESKOUING VAN DIE ARBEID.

Nie alleen in Suid-Afrika nie, maar bykans oor die hele wêreld, word die probleem van die Arbeid, veral in die laaste tiental jare, baie ernstig ondersoek, hoofsaaklik deur ekonome, pedagoë, psigoloë en

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

wat daarmee saamhang, het in die laaste tiental jare een van die grond-probleme van ons moderne kultuur geword. Dink maar aan die botsing van Kapitaal en Arbeid, aan die gebrek aan arbeidsvreugde by so baie mense, die beroepstoetse en beroepsondersoek en, "last but not least," die arbeidsgemeenskap, soos dit in die Sosiologie bestudeer word.

Die vraag na die wese van die arbeid, die betekenis en waarde van die arbeid, na die moontlikheid van arbeidsgenot en arbeidsvreugde, het so 'n urgente karakter aangeneem dat ons almal meer en meer deur-dring word van die erns van die vraagstuk. Hierby kom nog dat ons almal die gevoel het dat die rigting van die ontwikkeling van ons hele samelewing, met sy toenemende verstedeliking en industrialisering, ons dwing om 'n antwoord te gee op hierdie vrae, gepaard met die oortuiging dat die antwoord van beslissende betekenis sal wees vir die toekoms, ook vir die toekoms van Suid-Afrika.

By 'n diepere bestudering egter van hierdie probleme blyk dit al heel gou dat die probleem van die arbeid in sy volle omvang nie uitsluitend met ekonomiese, pedagogiese, psigologiese en sosiale argumente opgelos kan word nie—soos meesal voorgegee word—maar dat die oplossing ten nouste saamhang met 'n mens se hele lewens- en wêreldbeskouing, om die eenvoudige rede dat die arbeid behoort tot die wese van die mens. Arbeid en mens behoort bymekaar. Arbeid is nie 'n noodlot wat op die mens rus nie, maar behoort tot sy normale lewensfunksie.

Die vraagstuk van die arbeid is also gewortel in die diepere laag van lewensvrae wat ons regstreeks in aanraking bring met die vraagstukke van lewens- en wêreldbeskouing, en met die religie as die hoogste in die mens, in die laaste instansie.

So was dit altyd in die geskiedenis van die mensheid en so is dit vandag nog. Die heidendom, in sy ouer sowel as in sy nuwere vorme, het altyd maar weer die neiging vertoon om die arbeid óf te onderskat óf te oorskat. So het b.v. die Grieks-Romeinse oudheid die algemene neiging vertoon om die arbeid te beskou as 'n besigheid wat aan slawe en minder bedeeldes oorgelaat moes word. Die vrye mens, die ideaal van die Griek, die man wat hom die weelde kon veroorloof, het sy tyd nie bestee aan moeitevolle arbeid nie, maar hom onledig gehou met kuns en literatuur, met musiek en wysbegeerte, met retoriek en politiek. By monde van Plato, die groot denker van die antieke wêreld, was die Griekse kultuur opgebou op die beskouing dat die hoogste klas in die Staat hom moet wy aan die filosofie, aan die kuns van denke en regeer, die middelklas hom moet oorgee aan militêre oefening en sport, terwyl aan die laagste klas toegewys was die hele gebied wat ons sou kan noem die terrein van die arbeid. Hierdie antieke kultuur, wat so 'n onberekenbare invloed uitgeoefen het op ons eie wêreld, het gely aan 'n kroniese geringskatting van die arbeid, 'n euwel waaraan dit ten slotte ook ondergegaan het.

In die Oosterse wêreld stuit ons op dieselfde minagting van die arbeid. Daar spring dit nog sterker in die oog dat hierdie minagting te wyte is aan 'n bepaalde godsbeskouing en derhalwe met die religie op die allerinnigste verbind was. Die goddelike wese, waaruit hierdie wêreld van lye, ellende en arbeid voortgevloei het, is self die volmaakte, ewige en onbewoë rus. Alleen die mens wat die gebrokenheid, ydelheid en voosheid van hierdie wêreld deurskou, en met sy meditasie opgeklim het tot die onverganklike grootheid en onbewoë rus, kan rus, vrede en saligheid vind. Dienooreenkomstig het die Oosterse wêreld daartoe gekom om die maatskappy in te deel in verskillende kastes. Alleen aan die hoogste kastes is dit gegee om hulle te verdiep in die waarheid en hulle uit die ydelheid van hierdie wêreld terug te trek in die mymering oor

die ondeurgrondelike wese van die godheid; die laagste kastes moes hulle wy aan die arbeid en hulle vasgryp aan die skyn van hierdie ondermaanse en sinlike dinge. Arbeid is nou maar eenmaal die jammerlike lot van sterwelinge, die gode is wesens wat die arbeid nie ken nie, wat ver bo alle arbeid verhewe is. Dit sal wel duidelik wees dat op hierdie grondslae nie 'n juiste beskouing van die arbeid moontlik is nie.

Aan die ander kant bevat die heidense denke in hom die kieme tot oorskatting, tot vergoddeliking, tot verafgoding van die arbeid, omdat in alle vorme van heidense denke die grens tussen Skepper en skepsel nie suiwer getrek kan word nie. So sal in sommige gevalle die heidense denke die menslike arbeid beskou as die regstreekse voortsetting van die goddelike skeppingswerk. Die menslike arbeid word dan vereer as iets van uitermate verhewe en goddelike waarde en word gesien as 'n klein maar nie onbelangrike onderdeel van die goddelike skeppingswerk nie.

Teenoor al hierdie beskouinge staan die onwankelbare getuienis van die Skrif, wat vir die Calvinis ook 'n kenbron is van die Waarheid. Die Skrif gaan uit van die gedagte dat die arbeid iets is wat tot die wese van die mens behoort. Die arbeid van die mensheid het aangevang sodra die mens geskape was. Dit wil sê dat die arbeid aan die gang was toe daar nog slegs een mens op die aarde gewoon het. Adam het die Woord van God wat hom tot die arbeid roep, gehoor en verstaan. Hy het die diere benoem, hy het sy taal geformeer, hy het 'n insig verwerf in die niemenslike natuur, omdat hy geskape was na die beeld van God.

Van alle skepsele is dit alleen die mens wat kan en mag arbei, en alleen die mens kan arbei soos God kan arbei. En dis alleen die mens wat die geheim, die seën en die adeldom van die arbeid ken, want hy alleen dra in hom die beeld van God. Met een woord het Jesus vir ons duidelik die adeldom van die arbeid vir die mens geteken: „My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook." Plante en diere werk nie, altans nie in die sin waarin God en die mens werk nie, omdat hulle verrigtinge en werksaamhede sonder bewustheid, vegetatief, biotiesgebonde, in diens van die organiese lewe is. In hierdie sin het Jesus ook gepraat van die voëls van die hemel en die lelies van die veld wat nie arbei nie. Die mens anders as die dier en die plant arbei met bewustheid en toewyding, met 'n duidelike besef en voorstelling van die nagejaagde doel, met die idee van 'n taak wat hy vervul en waartoe elke mens deur God geroepe is. Mens wees, dit is sy Goddelike roeping vervul as mede-arbeider van God in eenheid met die Vader, soos die Seun werk in eenheid met Sy Vader.

In alle menslike arbeid lê dus iets van betrokkenheid op God. Alle arbeid behoort te geskied in navolging van God, met die oog op God. Maar dan lê hierin opgesluit dat alle arbeid behoort te geskied in ooreenstemming met die ordinansies wat God daarvoor gestel het.

En dan is die eerste saak wat ons in hierdie verband tref, dit dat die menslike arbeid geskied op grond van 'n uitdruklike Goddelike opdrag. In Genesis 1: 28—30 lees ons die Goddelike bevel: „Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." Dit het nou die mens se taak geword om die wêreld te deurvors en sy skatte op te spoor. Aan die mens is dit van nou af aan toevertrou om die van God geordende wêreld te deursoek. Hy mag nou die aarde aan hom diensbaar maak en mag die onmeetlike rykdom van krag en waardevolle goedere aan die aarde ontfutsel, met die bedoeling om self van die vrug van die wêreld te geniet, en dit met 'n sekere egoïsme, maar dan met 'n egoïsme deur God gesanksioneer.

In die vervulling van hierdie taak staan die mens in diens van sy God. Arbeid is die ontdek van die skatte wat God in die wêreld gelê het, arbeid is die nadenk van die gedagtes wat God eers gedink het, arbeid is uitvind wat God alles gemaak het. Wanneer dit alles geskied in die regte verhouding tot God, dan is die Arbeid self iets wonderliks, groots, moois en heerliks. Dit is waaragtige heerskappy. Arbeid is aanbidding, dit word gedra deur die eerbied vir God, dit is na God gekeer en op Hom gerig.

Daarmee staan in verband dat die arbeid, in al sy geledinge en vertakkinge, verrig moet word in noue aansluiting aan die Goddelike ordinansies wat God gestel het vir alle dinge, plante, diere en samelewingsverbande, wetmatighede wat in die Skepping self veranker lê. Arbeid is luister na wat God ons in sy werke getoon het. In Jesaja 28: 23—30 word gespreek oor die landbou en dan word daarop gewys dat die landman ploeg en eg op tye en in ooreenstemming met die wyse wat God voorskrywe. „En sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom." Dit sal egter duidelik wees dat wat hier van die landbou gesê word, van veel verdere strekking is en ewe goed geld ten aansien van tegniese arbeid, handel en industrie, regering en regspraak, onderwys en opvoeding, wetenskaplike arbeid, ja die arbeid in sy volle omvang.

Maar dit sluit verder ook in dat alle arbeid ten slotte 'n saak van die geloof is. Alle arbeid rus in die onwankelbare vertroue dat God ook werk. Die arbeid van die landman, die tegnikus, die wetenskaplike, die opvoedkundige, die regeerder, die handelaar, ens. sou volkome sinloos wees, as hy nie oortuig was dat God ook werk, dat „My Vader werk tot nou toe," en dat God straks die wasdom sal gee nie. Sy werk het alleen sin en ewigheidswaarde, kan alleen tot iets lei, omdat die werk van God daaragter lê as 'n volkome sekere werklikheid. Arbei is dus geheimsinnige, gelowige samespel tussen God en mens. Hy bevestig die werk van ons hande.

Nie alleen is alle arbeid vertikaal op God betrokke nie, maar die mens staan in sy arbeid horisontaal in allerlei en verskillende sedelike betrekkinge tot die wêreld rondom hom, tot die produk van sy eie arbeid, tot die materiaal waarmee hy arbei, tot die land wat hy bebou, die bodem waarop hy werk, die diere waarmee hy werk, na die skone woord van Spreuke 12: 10: "Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die gemoed van die goddelose is wreed." Hy mag nie met hierdie „dinge" omspring soos hy wil nie. Op die fabriek wat hy bou, op die voedsel wat hy produseer, op die masjien wat hy ontwerp, kan bloedskuld lê. Ja, so sterk word hierdie sedelike betrekkinge in die Ou Testament deurvoel, dat Job in een van sy pleitredene teenoor sy vriende met hierdie kragtige woord kan getuig dat sy saailand hom nie aanklaag nie en dat sy vore nie almal saam ween nie (Job 31: 38). Is die dongas en die slote as gevolg van die vernietigende roofbou en die verwoestende gronderosie nie die vore wat „ween," omdat ons in ons landbou ons nie gehou het aan die ordinansies van God nie? Die arbeid plaas ons ook in sedelike betrekking tot ons mede-arbeiders, tot almal wat bo ons geplaas is en tot almal wat onder ons arbei. Hulle is almal saam met ons verenig in die gemeenskaplike arbeid. In al hierdie betrekkinge tot dinge, diere, plante en mense moet die sedelike en ander Goddelike norme geëerbiedig word.

Maar daar is nog meer. Die arbeid plaas ons in 'n sedelike betrekking tot die gemeenskap in ruimere sin. In al sy arbeid moet die mens dit voor oë hou dat hy nie alleen vir hom self werk nie, maar ook vir ander. "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander syne" (Filippense 2: 4). Hy moet in al sy arbeid bewus wees van die feit dat hy in 'n gemeenskap staan en dat die vrug van sy arbeid ook aan die gemeenskap ten goede moet kom. Arbeid is diens aan die gemeenskap, waarin die arbeider staan en waarvan hy self 'n deel uitmaak. Al sy arbeid moet dienend en konstruktief inbegryp wees in die lewe van die gemeenskap. Dan alleen is die arbeid voor God verantwoord.

Die Skrif teken vir ons 'n verskriklike onheil wat in en oor die mensheid gekom het deur die sondeval en laat nie ná om ons daarop te wys dat ook die Arbeid deur die sonde bedorwe en vergiftig is nie, en laat ook duidelik sien die funeste gevolge van hierdie vergiftiging.

In die eerste plek moet daarop gewys word dat deur die sonde die aarde geword het 'n gevloekte aarde, en dat vanweë die vloek die arbeid iets kry van bittere slawerny. Wel bly die Goddelike roeping tot die arbeid ook ná die sondeval gehandhaaf, maar die aarde bly weerbarstig en kan alleen deur harde diens tot onderwerping gebring word, sodat die mens in die sweet van sy aangesig nou sy brood moet eet.

Die landbouer stuit op die vloek wanneer hy waarneem hoe die onkruid welig tier, en wanneer hy alleen deur harde arbeid en onafgebroke sorg sy akker aan hom kan onderwerp om die vrug daarvan te eet. Die man van wetenskap stuit op die vloek wanneer hy ontdek dat die raaisels van die wêreldbestel hom telkens maar weer ontglip, en wanneer hy telkens gewaar word dat hy 'n verbete en vermoeiende stryd moet voer teen die Leuen. Die tegniek, wat so onnoemlik veel daartoe bygedra het om die arbeid te vergemaklik en te verlig deurdat die masjien nou doen wat die spierarbeid vroeër gedoen het, stuit op die vloek wanneer die mens begin te vermoed dat die probleem van die arbeid al hoe meer onoplosbaar word, namate die meganisering voortskry. Die mens staan met al sy arbeid maar telkens weer voor die vloek, wat as 'n onontkombare werklikheid op sy weg geplaas word.

Gewigtiger nog is dat die arbeid deur die sonde 'n ander karakter gekry het. Was dit tevore diens aan God, nou het dit geword selfverheerliking. Was dit tevore aanbidding, nou het dit geword afval. Was dit tevore op God gerig, nou het dit geword 'n verskansing teen die oordele van God. Was dit tevore 'n geheiligde samespel met God, nou het dit geword 'n sondige vlug in die kultuur, in die arbeid, as die enigste wat die mens nog het, en hy waan hom veilig in sy arbeidsbepantsering, op die oomblik in die vorm van die atoombom!

Daarmee hang saam dat die ideële karakter van die arbeid verlore gegaan het. Die meestse mense voel van hierdie ideële karakter, van hierdie Goddelike opdrag niks meer nie. Arbeid beteken veelal niks anders as werk om die brood te verdien nie. Arbeid word nie meer gesien as 'n seën en 'n gawe van God nie, maar word verneder tot broodslawerny en moeisame loondiens. Die vreugde wat in die arbeid self opgesluit lê, word misken en die arbeid word alleen gerig op die resultaat, op die brood wat die mens straks sal eet en op die rus wat hy straks sal geniet. Die mens met sy groot gawes van hoof en hand word tot 'n slaaf, voortgedrywe deur die sweep van die honger, deur eie belang en harde noodsaak. Dit alles saam is wat ons sou kan betitel as die onnoemlike tragiek van die arbeid.

En tog, wanneer ons dit sou laat by hierdie tragiek, dan sou dit nie juis wees nie, want die Skrif ken ook redding van die arbeid, verlossing van die vloek van die arbeid deur Christus, wat nie alleen die sondaar verlos, die mens red nie, maar ook die arbeid red. Alleen in die Christus word die arbeid weer in sy eer herstel en die seën van die arbeid ten volle openbaar.

Maar dan is voor alle dinge nodig dat die mens—ja, ons almal—bewus gemaak moet word dat hy in sy arbeid skuldig staan voor God, deurdat hy in sy werk, in sy beroep homself gesoek, homself verheerlik en sy

eie voordeel daarin gesoek het. Aan alle verlossing van die vloek van die arbeid gaan vooraf die ootmoedige skuldbekentenis voor God en die mens.

Daaruit volg dan onmiddellik dat ons die arbeid in sy diepste wese weer moet sien as samespel, as aanbidding, as diens van God. Maar ook as diens aan die gemeenskap van lewende mense, wat belang stel in mekaar se nood en in mekaar se heil. Die arabeidsgemeenskap mag dan nooit sy karakter verloor as 'n gemeenskap van lewende mense, mense met vreugde en smart, ideale en verwagtinge, deugde en gebreke. Die mens ook in sy arbeid selfs die sogenaamde laagste is nooit 'n nommer nie, maar 'n volle, mondige, vrye persoonlikheid, draer van die beeld van God. Dit is die redding van die Arbeid.

En eindelik, die mens kan alleen sy arbeid verrig as diens wanneer hy dit sien in die lig van die toekoms, sub specie aeternitatis. As ons maar net hierdie wêreld sien, waarin alle arbeid gedruk word deur die sonde, dan sou die arbeid sinloos en sonder inhoud wees. God self egter toon ons in die ver verskiet die einde van ons arbeid, wat ons sal volg tot voor sy troon waar dit gelouter en opgeneem sal word in die wye majesteitlike verband van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit is die heiliging van die Arbeid.

Wil ons in die toekoms worstel om 'n oplossing van die baie vraagstukke van die Arbeid, dan sal ons dit alleen met vrug kan doen, wanneer ons uitgaan van die Skrif en ons laat lei deur die lig wat God ons daarin gegee het. „In U Lig, sien ons die Lig."

Potchefstroom. D. C. S. DU PREEZ.